

Saterdag 16 Julie

Skrifgedeelte: Genesis 1:26 – 2:4

Fokusgedeelte: Genesis 2:27, 28

Dirigent van God se skeppingsorkes

God het nie nodig gehad om te skep nie. Tog hou Hy nie sy majesteit en sy glorie vir Homself nie. Hy maak daarvan bekend deur die hemel en die aarde te skep. Daar moet iets wees wat hierdie glorie en heerlikheid van Hom weerkaats – eintlik terugkaats. Die ganse skepping moet aan Hom die lof en heerlikheid toebring.

Dink daaraan in terme van 'n simfonie-orkes waarin die verskeidenheid skepsels, elkeen op sy eie wyse en na sy aard, deelneem aan 'n komposisie wat God geskryf het om aan Hom die eer te bring wat Hom toekom. Elkeen afsonderlik en alles saam sing in harmonie saam om die veelklankige en veelkleurige aard van God se lof te besing.

En jy as mens is die dirigent hiervan. Jy is immers geskep na die beeld van God. Geroep en in staat om – onder andere – die opdrag uit te voer om oor die skepping te heers. Alles in die skepping speel in volmaakte harmonie onder leiding van die mens tot die eer van God. So was dit – baie goed!

Maar nou is dit nie meer so nie. Ná die sondeval is hierdie harmonie verbreek. Die rede? Die dirigent het die podium verlaat. Nee, nog meer blatant, die dirigent het 'n eie komposisie geskryf wat homself in die middelpunt van alles stel. Hy is besig om daarvolgens te dirigeer – terwyl die ganse orkes eintlik die groot komposisie tot eer van God wil uitvoer.

Geen wonder dit klink soos dit klink nie. Geen wonder dat die stemme van voël- en dierespesies stil word weens uitwissing ter wille van die mense se voordeel en gemak nie. Geen wonder dat die skepping in verwagting sug op bevryding van die verslawing aan die verganklikheid nie.

Die oplossing lê by jou as Christengelowige. Jy wat deel het aan die salwing van Christus wat as Ewige Koning heers. Jy wat in Jesus Christus herskep is om die beeldskap van God in die wêreld uit te leef. Jy wat deur die Heilige Gees beheers, geroep en toegerus word om hierdie koningsfunksie – om oor die skepping te heers – ernstig op te neem. Wil jy nie asseblief op die podium klim en jou eiegerigte komposisie verruil vir die Godgeskepte komposisie soos wat dit in sy Woord geopenbaar is nie?

Sing: Psalm 148-2:1, 4, 6, 7, 9

Ds. HS Coetzee (Fanie) (Potchefstroom Die Bult)